

## Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

GRAAN SA OLIESADE	DATUM	DATUM		+ - WEEK GELEDE		+ - MAAND GELEDE		+ - JAAR GELEDE		
	2018/12/10	2018/12/07		2018/12/03		2018/11/12		2017/12/11		
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	
Brent (\$/b)	61.27	1.67	2.8%	59.60	1.3%	60.48	13.7%	71.00	-5.3%	64.73
US\$: ? ZAR	14.12	1.000	7.6%	13.12	2.9%	13.72	-1.5%	14.33	3.7%	13.62
ΔCBOT Mielies 8vm : 12nm*	R 2 078.97	161	8.4%	R 1 918.31	* CBOT Dec cents / bushel + -08 : 00 vandag vs CBOT Mielies Dec + -12 : 00 die vorige dag					
ΔCBOT Koring 8vm : 12nm*	R 2 694.76	259	10.6%	R 2 435.46	*CBOT Dec cents / bushel + -08:00 vandag vs CBOT Koring Dec + -12 : 00 die vorige dag					
ΔCBOT Soja 8vm : 12nm*	R 4 755.51	366	8.3%	R 4 389.80	* CBOT Nov cents / bushel + -08 : 00 vandag vs CBOT Sojabone Nov + -12 : 00 die vorige dag					
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)										
Mielies Des '18	374.00	2.60	0.7%	371.40	2%	366.40	1%	369.60	-2%	381.50
Koring Des '18	519.40	14.20	2.8%	505.20	1%	515.60	3%	502.00	10%	474.25
Sojabone Jan '19	916.60	6.00	0.7%	910.60	2%	894.60	5%	875.20	-10%	1017.25
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton))										
SORGHUM Mar '19	3650.00	-50	-1.4%	3700.00	0.0%	3650.00	1.4%	3600.00	28.1%	2850
WMAZ Dec '18	2610.00	111	4.4%	2499.00	7.5%	2429.00	4.5%	2498.00	21.5%	2148
WMAZ Jul '19	2763.00	100	3.8%	2663.00	5.9%	2609.00	4.6%	2642.00	20.5%	2292
YMAZ Dec '18	2517.00	53	2.2%	2464.00	6.6%	2361.00	1.3%	2485.00	13.2%	2223
YMAZ Jul '19	2600.00	41	1.6%	2559.00	4.9%	2479.00	2.2%	2545.00	10.8%	2347
SOY Dec '18	4785.00	51	1.1%	4734.00	2.4%	4673.00	2.9%	4651.00	-3.1%	4938
SOY Mei '19	4985.00	42	0.8%	4943.00	1.9%	4891.00	3.5%	4816.00	-1.7%	5071
SUN Dec '18	5253.00	53	1.0%	5200.00	2.0%	5150.00	0.5%	5228.00	16.4%	4513
SUN Mei '19	4828.00	45	0.9%	4783.00	-0.2%	4840.00	-4.2%	5040.00	5.3%	4585
WHEAT Dec '18	4251.00	6	0.1%	4245.00	1.3%	4195.00	-2.8%	4375.00	6.9%	3977
WHEAT Mar '19	4364.00	6	0.1%	4358.00	0.7%	4332.00	-2.8%	4488.00	6.5%	4096
OLIESADE (US\$/ton)	2018/12/07	Bron: Oilworld			2018/11/30	2017/11/13		2016/12/12		
Soya-oil, Arg.	636				0.8%	631	-17%	769	-6%	676
Soya-pell, Arg.	332				0.6%	330	-2%	339	-10%	368
Soybean, USA	381				1.6%	375	-7%	410	-7%	410
USA Runner 40/50	1250				0.0%	1250	-22%	1600	-4%	1300
Sun-oil, Arg.	625				-2.3%	640	-17%	755	-22%	800
Sun-oil, Black Sea	640				0.8%	635	-15%	750	-15%	750
Sunseed, Black Sea	337				-0.9%	340	-16%	400	-18%	409
Rapeseed, EU cif	426				0.5%	424	0%	425	7%	399
Palmk oil Mal, EU	710				-0.7%	715	-52%	1470	-32%	1037

### JONGSTE MARK INLICHTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE

**Sojabone:** In die internasionale sojaboonmark is die grootste fokus steeds op die VSA, Suid Amerika en die China gerig. Alhoewel daar positiewe samesprekings was tussen die VSA en China rakend die handelsoorlog is daar nog nie veel daadwerklike vordering gemaak die afgelope twee weke nie. Brasilië se sojaboonuitvoere vir November was as dubbeld van die vorige seisoen se uitvoere teen dieselfde tyd van die seisoen met China wat feitlik al die sojaboon uitvoere ontvang het vanaf Brasilië, Argentinië en Kanada plaasgevind het afgelope paar maande. Die ander oorsprong het meestal Amerikaanse sojabone ingevoer aangesien die Amerikaanse sojabone steeds teen 'n redelik diskonto teenoor die Suid Amerikaanse sojabone verhandel. In die VSA behoort die verwerking van sojabone 'n nuwer rekord te bereik die 2018/19 seisoen aangesien daar groot sojaboonvoorrade in die VSA beskikbaar is. Die toename in die verwerking van sojabone wat in die VSA gerapporteer is, is egter steeds nie genoeg om die afnames in die uitvoere na China op te maak nie en daar is steeds groot hoeveelhede sojabone in die VSA beskikbaar. In terme van die nuwe seisoen sojaboon produksie is die omstandighede in Brasilië goed en die verwagting is dat die eerste nuwe sojabone reeds so vroeg as einde Desember gestroop sal word. Dit sal weer positief wees vir die uitvoere na China toe. In Argentinië het die weerstoestand ook aansienlik verbeter die laaste tyd en dit was gunstig vir die aanplantings van sojabone wat goeie vordering getoon het en nou op 54% voltooi gerapporteer word. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het verlede week gemeng verhandel en het aanvanklik die week onder druk gekom, maar het sterker verhandel nader aan die einde van die week om Vrydag effens sterker af te sluit as die vlakke waarteen dit Maandag geopen het. Die produksietoestande sal steeds dopgehou word vir die nuwe seisoen produksie met die toestande wat tot op hede nie heeltemal optimaal is vir die nuwe seisoen produksie nie.

**Sonneblomsaad:** Goeie sonneblom produksie in die Oekraïne het die uitset van sonneblomsaad produksie daar ook verhoog met die verhoging in die verwerking van sonneblomme. Die sonneblom olie uitvoere vanaf die Oekraïne het gedurende November ongeveer 575 000 ton bereik wat jaar op jaar 120 000 ton meer is. In die VSA is die stroop proses van sonneblomsaad steeds aan die gang en die gemiddelde tempo waarteen die sonneblomsaad gestroop word is ongeveer 14% stadiger as die algehele gemiddelde tempo. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblomsaadmark het ook verlede week gemeng verhandel en min of meer dieselfde tendens as die sojabone gevolg. Die mark het aanvanklik onder druk gekom, maar kon daarin slaag om sterker te verhandel later die week en het Vrydag hoër gesluit as waarteen dit Maandag geopen het. Met die seisoen wat laat is, is daar tans nog baie min sonneblomme aangeplant vir die nuwe seisoen.

**Kanola:** Die kanola uitvoere vanaf Kanada was gedurende Oktober jaar op jaar ongeveer 10% meer met die grootste groei in die uitvoere wat na Japan en China toe gerapporteer was. Die uitvoere vir die eerste drie maande van die bemarkingseisoen word op 2.5 miljoen ton gerapporteer teenoor die vorige seisoen se 2.8 miljoen ton teen dieselfde tyd van die seisoen. Die uitvoere gedurende Augustus en September was hierdie seisoen aansienlik laer as die vorige seisoen se uitvoere gedurende hierdie maande. In Australië is die verwagting dat die kanola produksie vir die seisoen 'n nege jaar laagtepunt sal bereik. **Plaaslik:** Die meeste van die kanola vir die seisoen is reeds gestroop en die produksie hierdie seisoen lyk goed alhoewel daar in sommige gedeeltes van die Weskaap probleme was wat effense opbrengs verliese veroorsaak het.

**Grondbone:** In die VSA duur die stroop proses van grondbone voort, maar dit vind aansienlik stadiger as die normale tempo plaas hierdie seisoen. **Plaaslik:** In die plaaslike mark was die ongunstige weerstoestand tot dusver nie positief vir die grondboon aanplantings nie en daar is min grondbone geplant vir die nuwe seisoen tot dusver. In die meeste van die produksiegebiede raak dit nou baie laat om grondbone aan te plant.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: [luan@grainsa.co.za](mailto:luan@grainsa.co.za)